

# GEMEENTE. SUPPLEMENT 9

## [KERK-OPBOUENDE BEDIENING] DISSIPLINERING VAN KINDERS IN DIE CHRISTELIKE GESIN

**Inleiding.** 'n Belangrike aspek in die opvoeding van kinders is dissiplinerings. Hebreërs 12:5-6 sê: "Julle het ook vergeet van die aanmoediging wat tot julle as kinders van God gerig word: "My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou tereg wys nie, want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem." En Spreuke 3:12 sê: "Die Here *straf* die mens wat Hy liefhet, net soos 'n vader doen met sy seun." Volgens die Bybel is dissipline (bestraffing) 'n uitdrukking van liefde. Daarom mag dissiplinerings nooit ontaard in onbeheersde woede of onbillike bestraffing nie. Dissiplinerings moet altyd beoefen word in 'n atmosfeer van waarheid en liefde.

### 1. Dissiplinerings is 'n belangrike onderdeel in die opvoeding/opleiding.

**Ontdek en bespreek.** In watter opsig vorm dissiplinerings 'n onderdeel van opvoeding/opleiding?

- **Lees** Spreuke 22:6. "Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is, nie daarvan afwyk nie." Die woord 'leiding gee' in Spreuke 22:6 en 'dissipline' (Nuwe Lewende Vertaling) (Grieks paideia) in Efesiërs 6:4 beteken 'goeie gewoontes aanleer d.m.v. bestraffing en korrigerings'.
- **Lees** Efesiërs 6:4; Kolossense 3:21. Let daarop dat veral vaders volgens die Bybel verantwoordelik is vir die dissiplinerings en oefening van hulle kinders. Hoewel moeders die vaders help, mag vaders nie hulle Godgegewe verantwoordelikheid ignoreer nie!
- **Lees** Hebreërs 12:10-11. "Ons vaders het ons wel 'n kort tydjie na hulle goeddunke getug (gestraf), maar Hy (God) tug ons tot ons beswil sodat ons in sy heiligheid mag deel. Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm (ge oefen) is 'n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God." Dissiplinerings beteken nie in die eerste plek 'bestraffing' van die kind as hy 'n verkeerde ding doen nie. Dit beteken veral 'gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef' (Spreuke 22:6). Daarom sal ware liefde 'n kind oefen in die weg wat hy moet gaan. God verbied onredelike (wrede) bestraffing, omdat dit geïrriteerdheid en verbittering tot gevolg het. 'n Ouer moet 'n kind nie dryf tot ontmoediging, ergernis of verbittering nie. Die voordeel van dissipline is dat die kind heiligheid leer in sy verhouding tot God, geregtigheid beoefen in sy verhouding tot ander mense en vrede kry in sy eie gemoed.

### 2. Dissiplinerings beteken grense (beperkings) stel.

**Ontdek en bespreek.** Op watter terreine stel God en ouers grense?

(1) God en ouers stel verskillende grense.

- **Lees** Deuteronomium 5:17-21. Die Tien Gebooie is belangrike grense. Daarsonder sou mense in hulle verhouding tot God enersyds en tot hulle naaste andersyds volkome in 'n doodloopstraat beland!
- **Lees** Matteus 5:13-16; Psalm 1:1; Psalm 119:37; Spreuke 1:10-15; 4:14-15,23-27; 5:1-8; 6:20-29; 7:24-27; 1 Korintiërs 15:33. "Slegte geselskap bederf goeie sedes". Christene moet hulle nie onttrek uit die gemeenskap nie of ophou om ander mense te beïnvloed nie. Tog stel God, en ouers, grense met watter mense Christene vertroulik mee mag omgaan. Christene mag nie op 'n vertroulike wyse omgaan met slegte mense, spotters, verleiers tot die kwaad, dobbelaars, kriminele, seksueel immorele mense, ens. nie. Christene moet nie dink dat slegte geselskap nie hulle karakter kan beskadig nie!

(2) Waarom grense belangrik is

**Ontdek en bespreek.** Waarom stel God en ouers grense?

**Lees** 1 Korintiërs 8:9; Galasiërs 5:1,13,24; 1 Petrus 2:16.

**Aantekeninge.** As ouers regtig hulle kinders liefhet, sal hulle nie vir hulle onbeperkte vryheid gee nie! Regte liefde trek 'n sirkel rondom die kind sodat die kind die verskil tussen goed en kwaad, reg en verkeerd kan onderskei. Duidelike grense help die kind om veilig te voel binne hierdie grense. Die kind beseft dat as hy buite hierdie grense beweeg, die kwaad wel negatiewe gevolge vir homself en andere het! Sonder grense kan 'n kind nie evalueer of iets goed of sleg is nie, of wat die gevolge van sy dade kan wees nie. Die grense dien as 'n heining wat beskerming gee vir die kind. Binne die grense weet hy dat God en sy ouers dit wat hy doen, goed vind en daarbinne voel hy dus veilig.

Die grense of beperkings word saamgevat in *die huisreëls van die gesin*. Die ouers kommunikeer baie duidelik wat hierdie huisreëls is, waarom hulle belangrik is en wat die gevolge van oortreding daarvan kan inhou. Ouers moet veral hulle kinders dissipleneer (bestraf) vir ongehoorsaamheid, leuens en oneerbiedigheid. As 'n kind geleer het om die grense in die huisgesin te respekteer, sal hy dit ook op skool, in sy klub, in die samelewing en uiteindelik ook in sy verhouding tot God/Christus toepas.

### 3. Dissiplinering beteken berisping en korrigering.

(1) Die noodsaaklikheid van berisping.

**Lees** 1 Samuel 2:22-24; 3:12-13; Spreuke 27:5.

**Ontdek en bespreek.** In watter opsig het die vader, Eli, gefaal om sy kinders te dissiplineer?

**Aantekeninge.** Eli het twee seuns gehad wat verkeerd opgetree het. Hy het met sy seuns *gepraat*, maar hy *het hulle nie in bedwang gehou nie*. Hy het hulle gevra: “Waarom doen julle sulke dinge?” Dit is geen berisping nie, maar ‘n pleidooi om te stop. Hy moes hulle gevra het: “Wat het julle aangevang?” Hy moes hulle *met hulle sonde en die gevolge van hulle sondes gekonfronteer het*. Hy moes hulle tot verantwoording geroep het oor hulle sondes!

(2) Die verskillende aspekte van berisping.

**Ontdek en bespreek.** Wat is die Bybelse aspekte van *berisping* (Grieks: elenchó)?

Die Griekse woord ‘elenchó’ het ‘n paar belangrike betekenis wat saamhang met die konteks.

- **Lees** Efesiërs 5:11. Die ouer *bring* die spesifieke sonde (kwaad, oortreding) *aan die lig* (Grieks: elenchó). Die kind moet duidelik verstaan *wat* sy oortreding is. Hy moet ook begryp *waarom* sy handeling ‘n oortreding in God se oë of in die oë van die ouers is.
- **Lees** Spreuke 27:5-6; 28:23. Die ouer moet die kind *bestraf* (Grieks elenchó) in die sin van ‘n *skrobbering gee* en sy *gedrag afkeur*.
- **Lees** Titus 1:9. As die kind probeer om homself te regverdig, moet die ouer die argumente van die kind *weerlê* (Grieks: elenchó). Die ouer moet wel die kind geleentheid gee om sy standpunt te stel en sy gedrag te verklaar. Dit is moontlik dat die ouer ‘n belangrik punt oor die hoof gesien het. As die ouer verkeerde gevolgtrekkings gemaak het of die kind verkeerdlik beskuldig het, moet hy die kind om vergifnis vra.
- **Lees** Johannes 16:8. Intussen bid die ouer dat die Heilige Gees die kind sal *oortuig* (Grieks: elenchó) van sy oortreding en hom ‘n *beseft sal gee van sy skuld en van die erns van sy oortreding* (Grieks: elenchó), sodat hy opreg skuldig voel, hom vir sy gedrag skaam en begeer om hom te bekeer.
- **Lees** 2 Timoteus 3:16. Aan die einde moet die ouer die kind *korrigeer* (Grieks: elenchó) deur hom te help om die weg te volg wat hy moet gaan.
- **Lees** Hebreërs 12:6; Spreuke 22:15. As die kind in sy ongehoorsaamheid volhard, deur dwaas, arrogant en rebels te wees, of sy hart teen sy ouers te verhard, of hulle gesag as ouers te verwerp, dan moet die ouers die kind op ‘n gepaste wys *straf* (Grieks: elenchó).

### 4. Dissiplinering beteken om gepaste beloning te gee.

**Ontdek en bespreek.** Wat is gepaste belonings?

(1) Gepaste belonings.

Ouers kan verskillende belonings bedink ten einde die kind te motiveer en aan te spoor om op die regte pad te bly.

(2) Moontlike belonings wat goeie gedrag bevorder:

- Dank of loof die kind vir wat hy goed en reg doen.
- Gee aan die kind eerlik belangstellende en onverdeelde aandag.
- Gaan saam met die kind op ‘n uitstappie waarop die kind baie graag wil gaan.
- Gee die kind meer vryheid om sy vriende te ontmoet.
- Gee die kind ‘n beloning.

### 5. Dissiplinering beteken gepaste straf te gee.

**Ontdek en bespreek.** Wat is gepaste straf?

(1) Gepaste straf.

Ouers behoort verskillende vorme van straf te bedink om hulle kind te motiveer om hom te bekeer van die verkeerde weë en aan te spoor om terug te keer na die goeie weg.

(2) Moontlike straf met die doel om negatiewe gedrag te verander:

- Berispe die kind vir sy oortreding, maar moenie beledigende woorde gebruik nie (dit breek net sy karakter af).
- Hok die kind (in die hoek van die kamer of in die gang) sodat hy kan nadink oor sy oortreding.
- Kanselleer ‘n beplande uitstappie waarna die kind uitgesien het.
- Neem sommige van sy vryhede om vriende te ontmoet weg.
- Hou sy sakgeld terug.
- Gee hom ‘n bykomende taak rondom die huis as straf.
- Indien absoluut nodig, gebruik die roede (kweperlat).

(2) Straf ten einde te red.

**Lees** Amos 4:6-12; Haggai 1:2-11; Lukas 12:47-48; Galasiërs 6:7-8.

**Aantekeninge.** God straf (oordeel) mense in die huidige lewe met tydelike strawwe (oordele) om hulle te bewaar van die ewige straf (Matteus 25:46).

- God ruk 'n volk weg, breek dit af en laat dit ondergaan ten einde hulle te beweeg om hulle te bekeer en hulle weer aan God te onderwerp (Jeremia 18:5-17). Die lewende God straf mense ook met hongersnood, droogte, mislukte oeste, siektes en plaë, neerlaë in oorlog en verwoesting van hulle stede om hulle te motiveer om terug te keer na Hom, die God van die Bybel, toe (Esegiël 14:21; Amos 4:6-12).
- God straf sy volk met mislukte oeste, met min finansies en met besighede en projekte wat misluk om hulle te motiveer om hulle sondige verwaarlosing van God in hulle daaglikse lewe te stop (Haggai 1:2-11).
- God straf sy volk in die huidige lewe met tydelike bestraffings ten einde hulle te bewaar van die ewige straf in die hel (1 Korintiërs 11:32). God is volkome heilig en regverdig, ook in sy bestraffings. God is altyd volkome billik in sy bestraffings (Lukas 12:47-48). God wil ernstig opgeneem word en eis dat mense op die aarde deel kry aan sy heiligheid en geregtigheid (Galasiërs 6:7-8).

(3) Straf dadelik.

- **Lees** Prediker 8:11. “Omdat die verkeerde daad nie meteens gestraf word nie, hou mense eenvoudig aan om verkeerd te doen.” (Hulle dink steeds nuwe vorme van kwaaddoen uit).”
- **Aantekeninge.** As die owerheid van 'n land die misdadigers/kriminele en terroriste nie gou vang en straf nie, sal hulle steeds meer arrogant word en steeds meer kwaad aanrig! As ouers nalaat om hulle kinders onmiddellik te straf, dan lei die kinders daarvan af dat hulle ouers hulle nie ernstig opneem nie. Sommige kinders sal steeds meer arrogant en rebels word en steeds meer kwaad doen. Ander kinders sal steeds meer onseker word en psigiese probleme ontwikkel.

(4) Straf in liefde.

- **Lees** Psalm 89:30-34.
- **Aantekeninge.** God straf ook die kinders van die genadeverbond as hulle sy gebooe oortree. Maar Hy hou nie op om hulle lief te hê nie! “Wie sy seun nie straf nie, het hom nie lief nie; as hy hom liefhet, sal hy hom straf wanneer dit nodig is” (Spreuke 13:24).

(5) Straf met 'n roede indien nodig.

**Lees** Spreuke 13:24; 19:18; 20:30; 22:15; 23:13-14; 29:15,17.

**Aantekeninge.** Geen enkele owerheid in hierdie wêreld het die gesag of reg om God se duidelike instruksies t.o.v. dissiplinering van kinders te verbied nie! Owerhede wat God se wette op aarde eenkant toe skuif, sal in die laaste oordeel deur God eenkant toe geskuif word (Psalm 2; Spreuke 1:28-33; Handeling 4:19-20; 5:29; 1 Tessalonisense 4:8; 2 Tessalonisense 1:8-10)!

Die Bybel leer 'n aantal duidelike redes waarom straf met 'n roede by tye noodsaaklik is. “'n roede’ is 'n stok of buigbare lat, maar nie 'n sweep nie. As 'n kind gelos word om sy eie gang te gaan, kan hy op die pad van goddeloses en kwaaddoeners beland (Spreuke 4:14-15) of swak of siek word en selfs sterf (1 Korintiërs 11:30). Maar as hy so gou moontlik gestraf word vir sy ongehoorsaamheid en arrogansie, sal hy waarskynlik nie 'n misdadiger word of op 'n gewelddadige wyse sterf nie. Die Bybel leer: “Hou die tug nie terug van die seun nie; as jy hom met die roede slaan, sal hy nie sterwe nie. Jy sal hom wel met die roede slaan, maar sy lewe van die doderyk red” (AOV) (of: “sy siel red van die hel”) (Spreuke 23:13-14). En “'n Pak slae laat 'n mens ophou kwaaddoen; dit laat jou selfs ophou dink aan kwaad” (Spreuke 20:30). Soms is dit wel nodig om 'n kind te straf met 'n roede, want as hy nie wil hoor nie moet hy voel en dit is die enigste weg om sy binneste te suiwer en sy siel van die (ewige) dood te red.

Maar die kind mag nie oor sy hele liggaam geslaan word nie. Die beste is om 'n kind nooit met jou hand 'n pak slae te gee nie, omdat hy dan jou hand of aanraking gaan vrees! Dit is beter om altyd 'n roede as simbool en instrument van die tug te gebruik. Die kind moet die roede vrees as hy 'n oortreding begaan het. Hy moet egter nie 'n ongesonde vrees vir sy ouers of hulle hande ontwikkel nie.

Daar is nog meer redes om met 'n roede te tug. “Onverstandigheid is eie aan 'n jongmens, maar 'n pak slae haal dit uit hom uit” (Spreuke 22:15). En: “'n Pak slae en 'n teregwyding bring wysheid; 'n kind wat sonder dissipline grootword, steek sy moeder in die skande.” “Gee jou seun 'n goeie opvoeding en jy sal gerus wees oor hom; hy sal jou baie vreugde verskaf” (Spreuke 29:15,17). Kinders doen soms dwase dinge, openbaar skandelige gedrag teenoor hulle ouers, of pleeg misdade. Die Skrifgedeeltes in Spreuke leer dat straf met 'n roede nodig is om die kind se gewete skoon te hou en die vrede in die huisgesin te herstel. Dit is noodsaaklik om die kind weg te hou van die kwaad en die dwaasheid en sy siel van die (ewige) dood te bewaar! As 'n ouer die vonnis oor 'n slegte daad so gou moontlik vel, sal die kind waarskynlik wys word en die vrede in die gesin en in die samelewing nie verder versteur nie.

As kinders tieners geword het, is dit meestal nie meer nodig om die roede vir straf te gebruik nie. Daar is dan geen verskil meer tussen die tug van tieners en die tug van volwassenes wat oortree nie.

## 5. Dissiplinering beteken om konsekwent gehoorsaamheid te verwag.

**Lees** Prediker 5:3-4.

**Ontdek en bespreek.** Wat kan die gevolge wees as ouers dreig dat hulle gaan straf, maar dit nooit doen nie?

**Aantekeninge.** Prediker 5:3-4 sê: “As jy aan God 'n gelofte gedoen het, moet jy nie versuim om dit te betaal nie. Hy hou nie van ligsinnige mense nie. Wat jy beloof het, moet jy betaal. Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie.” Dit is beter dat ouers geen leë dreigemente uitspreek nie, bv. “As jy dit nie doen nie, dan sal ek jou

straf!” Dreigemente maak dat ’n kind in vrees vir straf gaan leef, of leuens gaan vertel om die straf vry te spring. Dreigemente is meestal nie opbouende maniere om ’n kind te dissiplineer nie. I.p.v. om dreigemente te maak, kan die ouer die kind help om na te dink oor sy oortreding, die gevolge van sy oortreding en hoe om verkeerde sake weer reg te stel. Maar as ’n ouer dreigemente maak, moet hy hulle ook altyd uitvoer! Anders verloor die kind alle vertroue en respek vir sy ouer.

Dis veel beter om gehoorsaamheid te eis en te verwag as om te dreig. Die ouer moenie kerm en kla dat die kind moet gehoorsaam nie. Die ouer moet ook nie aan die grille en nukke van die kind toegee nie. As die ouer dit tóg doen, sal die kind altyd hierdie metode volg om gehoorsaamheid te vermy en straf vry te spring! Ten opsigte van gehoorsaamheid moet die ouer nie ingee en toegewings maak nie! Die ouer kan ’n keuse tussen twee moontlikhede vir die kind gee, want dan kan die kind sy eie wil oefen. Die ouer behoort nooit ’n onredelike eis aan die kind te stel nie! En die ouer moet baie konsekwent gehoorsaamheid verwag!

#### 6. Dissiplinerings beteken ook troos na straf en berou/bekering.

**Ontdek en bespreek.** Waarom is vergewing en hernude bevestiging so belangrik vir ’n kind?

**Lees** Lukas 17:3; 2 Korintiërs 2:5-8.

**Aantekeninge.** Nadat ’n kind vir sy oortreding gestraf is, moet die ouer hom ook vergewe, troos en opnuut verseker van sy liefde vir hom! As die ouer dit nalaat, kry die satan grond om die kind verbitterd en wraaksugtig te maak. Verder, as die ouer nie die kind vergewe nie, gaan die kind ook twyfel aan God se vergifnis. As die ouer die verhouding nie weer normaliseer nie, sal die kind ook begin glo dat die verhouding tussen hom en God nooit meer reg kan kom nie. Na tug is vergewing, vertroosting, herbevestiging en herstel altyd noodsaaklik, anders sal die kind deur droefheid oorweldig word. Die ouer moet die verhouding herstel deur die kind te vergewe, hom ’n drukkie te gee en te sê dat hy baie van hom hou.

**Lees** Spreuke 17:9; Hebreërs 8:12; Matteus 18:35.

**Aantekeninge.** Let op die verskil tussen ‘’n sonde vergeet’ of ‘’n sonde nie meer ter sprake bring nie’. God doen die laaste en verwag dit ook van sy volgelinge. Die ouers moet hierdie oortreding van die kind nooit later weer ter sprake bring nie. Hulle moet ook nie weer by ’n volgende konfrontasie ou koeie uit die sloot haal nie. Die ouers moet bewys dat hulle die vorige oortreding regtig vergewe en vergeet het. As die ouer nog steeds kwaad is oor die kind se gedrag in die verlede, moet hy die kind in sy hart opnuut bly vergewe.

#### 7. Dissiplinerings beteken bemoediging.

**Lees** Kolossense 3:21; Spreuke 15:1.

**Ontdek en bespreek.** Op watter maniere kan vaders hulle kinders verbitterd maak? En hoe sou hulle hul kinders kan bemoedig?

**Aantekeninge.**

(1) Maniere om kinders verbitterd te maak.

Ouers moenie woede by hulle kinders laat ontstaan, hulle irriteer of provokeer deur te veel of te min dissipline nie. Kolossense 3:21 sê: “Vaders, moenie gedurig by julle kinders fout soek dat hulle moedeloos word nie.” Ouers moet wel hulle kinders ferm dissiplineer, maar nie in verterende woede nie. Hulle moet nie dinge sê wat as ’n veroordeling van die kind se persoonlikheid of karakter opgevat kan word nie. Moenie die volgende sê nie: “Jy is dom.” “Jy is lelik.” “Jy kom ook altyd te laat.” “Jy was al weer lui gewees.” Dit vernietig hulle selfbeeld, karakter en persoonlikheid en kan ernstige psigiese probleme veroorsaak. Daar is ook ander maniere om kinders moedeloos te maak. Byvoorbeeld om in woede op hulle te skreeu en negatiewe uitlatings oor hulle te maak in die teenwoordigheid van ander. Die beeld wat ander van hulle het, word afgebreek of hulle voel dat hulle in die skande gestee is. Spreuke 15:1 sê: “’n Sagte antwoord laat woede bedaar; ’n krenkende woord laat woede ontvlam.” Deur goed op die reaksies van kinders teenoor hulle ouers te let, kan ouers agterkom wanneer hulle kinders ontmoedig is. As die kind byvoorbeeld geïrriteerd, kwaad, terneergedruk is, onttrek hy hom uit die groep of reageer negatief op sy ouers. Hierdie simptome dui aan dat ouers hulle kind op ’n ander manier moet benader. Dissipline behoort die kind in die regte rigting te buig, maar moenie die kind se gees breek nie!

(2) Maniere om kinders aan te moedig.

Bou ’n persoonlike verhouding met die kind. Moenie hom behandel soos ’n stuk voorwerp wat wel gesien, maar nie gehoor mag word nie. Wat ouers en onderwysers in die lewens van kinders saai, sal na vore kom wanneer hulle volwassenes is (Galasiërs 6:7-8). Elke kind het ’n groot behoefte aan gereelde, persoonlike, vriendskaplike en liefdevolle oomblikke saam met sy ouers en onderwysers. Selfs al het jy soms geen tyd nie, máák tyd om kreatief met kinders, tieners en jong volwassenes om te gaan. Elke kind, tiener en jong volwassene beger dat iemand hom/haar sal wil hê, hom/haar nodig sal hê en hom/haar sal liefhê.

Sê somer baie keer vir ’n kind dat jy van hom/haar hou en graag met hom/haar omgaan. In bepaalde kulture moet veral **vaders** leer om meer tyd in hulle besige program oop te laat om met hulle kinders, tieners of jong volwasse kinders om te gaan, hulle te omhels en op ander maniere hul geneentheid te toon, met hulle te praat en na hulle te luister. Baie tieners kla dat hulle geen verhouding of kommunikasie met hulle vader het nie! Hulle teleurstelling oor hulle aardse **vaders** maak dat hulle ook nie hulle hemelse Vader kan vertrou nie. ’n Goeie verhouding met hulle aardse

vader is een van die beste maniere om 'n goeie verhouding met God/Christus te kry. Kommunikasie moenie net oor saaklike dinge soos skool en geld gaan nie, maar oor elke interessante tema in die wêreld. Doen interessante, kreatiewe en selfs uitdagende dinge saam met die kinders.

Stel belang in hulle vriende. Laat hulle praat oor hulle vriende. Nooi hulle vriende uit na julle huis toe. Organiseer uitstappies saam met hulle vriende. Kinders word baie bemoedig as hulle ouers en onderwysers hulle vriende goedkeur.

Help tieners en jong volwassenes met hulle huiswerk en studies. Hulle het raadgewers, gidse, mentors en leiers nodig na wie hulle kan opsien. Hulle het ook baie aanmoediging nodig om te volhard in hulle studies.

Gee belonings as die kinders nog klein is. Prys die tieners vir alles wat hulle goed doen. En as hulle dit verdien, vertel hulle dan dat jy baie trots is op hulle en op wat hulle doen.

Wys vir kinders en tieners dat jy hulle vertrou. Gee daarom verantwoordelikhede aan hulle en loof hulle vir hulle prestasies en vir wat hulle vermag het.

---